# 2023/24
# Jaarverslag/Annual Report

IN GELOOF VERANKER

Transoranje Instituut vir
Buitengewone Onderwys
Transoranje Institute
for Special Education



## Together we leave footprints of kindness

# Mission

To enable learners with special educational needs in the five Institute schools to reach their full potential by contributing physical resources and support within a Christian ethos.







# Vision

A needs driven Christian inspired and compassionate support for learners with special educational needs.

# Values

Religious approach
Compassionate support
Empathy and love
Needs driven projects



# Inhoud Contents


| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 | Vision, mission & values | 18 - 19 | Donations |
| 3 | Kontakbesonderhede | 20 | Ways to get involved |
| 4 | Uit die voorsitter se pen | 21 | Thanks |
| 5 | From my desk | 22 - 23 | Projekte |
| 6 | Nuus uit die kantoor | 24 - 26 | Prinshof School |
| 7 | Management | 27 - 30 | Martie du Plessis Skool |
| 7 | Governance | 31 - 33 | Transoranje School |
| 8 - 11 | Uitblinkers | 34- 35 | Sonitusskool |
| 12 | Statistics | 36 - 38 | Transvalia-Skool |
| 13-15 | Stories van hoop | 39 | Special campaigns |
| 16 | Goue 50-jaar-viering van Sonitus | 40 - 41 | Financials |
| | | 42 - 43 | We acknowledge |
| 17 | 60-jaar-diamantjubileum van Prinshof | | |


**TRANSORANJE INSTITUTE FOR SPECIAL EDUCATION**

174 Duxbury Road, Hillcrest, Pretoria 0083
Tel: 076 143 6961

Email: info@toibo.org.za
**Website: www.toibo.org.za**

NPO: 001-597
PBO: 130001311

**HOËRSKOOL MARTIE DU PLESSIS VIR FISIESE, SEREBRALE EN LEERGESTREMDHEDE**

Du Plooysingel 91, Fichardtpark, Bloemfontein
Posbus 31895, Fichardtpark 9317

Tel: 051 522 6801
E-pos: mdupschool@mdup.co.za

**Webwerf: www.mdup.co.za**

**PRINSHOF SCHOOL FOR THE VISUALLY IMPAIRED**

19 Prinshof Street, Pretoria Central
PO Box 2817, Pretoria 0001

Tel: 012 328 4170
Email: info@prinshof.co.za

**Website: www.prinshof.co.za**

**SONITUSSKOOL VIR GEHOORGESTREMDES EN LEERGESTREMDHEDE**

Jan Coetzeestraat 180, Jan Niemandpark, Pretoria
Posbus 15408, Lynn East 0039

Tel: 012 800 1161
E-pos: info@sonitus.co.za

**Webwerf: www.sonitus.co.za**

**TRANSORANJE SCHOOL FOR THE DEAF**

855 WF Nkomo Street, Pretoria West
PO Box 19036, Pretoria West 0117

Tel: 012 386 6072 / 082 554 3482
Email: transoranje2@gmail.com

**Website: www.transoranjeschool.co.za**

**TRANSVALIA SCHOOL FOR EPILEPSY AND LEARNING DISABILITIES**

200 Jan Coetzee Street, Derdepoortpark, Pretoria
PO Box 15940, Lynn East 0039

Tel: 012 880 1420
Email: admin@valies.co.za

**Website: www.valies.co.za**



# Uit die voorsitter se pen

Sedert 1947 is die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) ten nouste verbonde aan die werksaamhede van haar vyf susterskole, te wete Transoranje-Skool, Hoërskool Martie du Plessis, Transvalia-Skool, Prinshofskool en Sonitusskool.

TOIBO se leuse is *In Geloof Veranker*. Ek wil hierby aansluit met die gedagte van geloof soos in Hebreërs 12: 2 waar geloof uitgedruk word as 'n lewenslange reis. 'n Lewensreis van die Instituut en haar skole met die oog op die toekoms wat ons weet met God begin en eindig, want die toekoms is God se toekoms. Hierdie belofte sien die Instituut in haar werksaamhede van 2023-2024. Die Instituut bou op geloof. Ons as Instituut is dankbaar vir die bydraes en volgehoue ondersteuning van die kerke, borge, donateurs, boedels, maatskappye en finansiële instellings sodat die Instituut en haar skole met hul werksaamhede kan voortgaan.




In November/Desember 2023 het die matriekleerders van die vyf LSOB-skole verbonde aan TOIBO die matriekeindeksamen geskryf. Die Instituut wil die vyf Instituutskole gelukwens met hul matriekuitslae. Nie net met die matriekuitslae nie, maar ook met die akademiese uitslae van elke leerder in elke graad. Die sukses van die harde werk van die leerders deur elke graadfase word gemeet aan die leerder se matriekuitslae aan die einde van sy of haar skoolloopbaan. Geluk aan ons klas van 2023 met jul matriekuitslae!

Our schools are leaders within the LSEN system and form part of research projects of higher education in South Africa. The Institute celebrates the successes and achievements of our learners.

The Institute would like to thank all involved in the schools: the principals and their management teams, the government bodies of the different schools, for their diligent governance. A special word of thanks to the different communities for their support to the teaching profession and for the well-being and wellness of the learners' education. As the saying goes: It takes a village to raise a child. The village being the Institute, the Department of Education, our five Institute schools and their teaching and supporting staff, the therapists, psychologists, social workers, nurses, matrons, kitchen staff and house mothers and fathers, the parents, the guardians of the learners, our sponsors, our voluntary workers, and the anonymous people who support special needs education.

Dankie dat julle die kinders se volle potensiaal ontwikkel, sodat hulle hul regmatige plekke in ons samelewing kan inneem. Jul harde werk word beloon met die getuienisse van jul oudleerders en hoe hulle in die samelewing in die werksmag geïntegreer kon word.

Ons betree 2024 met die woorde van Hebreërs 12: 2 – hou julle oë gevestig op Jesus, die Begin en die Voleinder van geloof.

Vriendelike groete

*Ds Francois Esterhuizen*





# From my desk

**Mev Alta Koekemoer**
Executive officer

I step into 2024 with a heartfelt thank you and gratitude to our donors, founders and beneficiaries for your kindness and support during 2023.

Reeds vir 77 jaar is dit die Instituut se doel om kinders met spesiale onderwysbehoeftes in staat te stel om hul volle potensiaal te bereik deur fisiese hulpbronne en ondersteuning binne 'n Christelike etos by te dra. Dit is dan ook met dankbaarheid dat ons kan meedeel dat ons in 2023 in ons doel kon slaag deur R947 807 aan die skole te skenk, asook talle produkte en items. Hierdeur kon honderde kinders met gestremdhede onderrig van hoogstaande gehalte ontvang en met waardigheid die lewe in die oë kyk.

The Institute is doing well and overcame many challenges in 2023, including the upgrading of our electronic equipment, programs, marketing and contact details.

Although each school experienced challenges in different areas, all generally went well at the five schools. There are currently 2 038 learners of which approximately 21% live in the boarding schools due to distance or other circumstances. The learners perform well, not only academically, but also in cultural activities and on the sports fields.

Die Instituut kan met trots aankondig dat die matrikulante van 2023 goed presteer het. 103 leerders het die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in 2023 geskryf. Martie du Plessis Hoërskool en Prinshofskool spog met 'n 100%-slaagsyfer.

Dankie aan elke personeellid wat hierdie leerders gedurende hul skoolloopbane met deernis gelei en onderrig het om selfstandige en suksesvolle jong volwassenes te word!



***Never forget that every step you take may leave a lasting impression. You never know whose life you may touch with the footprints you leave behind. Every step we take is an opportunity to leave footprints of kindness. (Unknown)***

Twee van die skole het groot mylpale behaal: Prinshofskool het hul 60-jarige en Sonitusskool hul 50-jarige bestaan gevier. Ons wens hulle geluk met die puik diens wat hulle lewer!

Tans word 839 kinders in die skole op die een of ander manier deur die Instituut se donasies en skenkings ondersteun.

I look forward to the rest of 2024 and I am confident that we can meet the challenges ahead together. Get involved and be the one who makes a real difference in the lives of our underprivileged children with disabilities. Together we can leave footprints of kindness!



# Nuus uit die kantoor



TOIBO-uitstalling by die NHSV se 49ste Nasionale Kongres



Die NHKA se teologiestudente toer deur Prinshofskool vir Gesiggestremdes en ervaar op 'n praktiese wyse sommige van die uitdagings van blinde leerders





GKSA Deputate besoek Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdhede







Dian de Lange, 'n blinde leerder van Prinshofskool, lewer 'n sangitem tydens die besoek aan die NHKA se Gemeente Magaliesmoot op 3 September 2023



The Institute participates in the Casual Day fundraising campaign by distributing stickers. Here, some of the schools' staff show the good spirit of this special day



NGK se Kerksondermure (KSM) toer deur die TOIBO-geassosieerde skole.



Vlnr: Ada Steyn, Adele Kemp en Celest Mulder (Sonitusskool); Alta Koekemoer (TOIBO); Anne-Marie Cronje, Francois Schoombee en Maryna Burger (KSM)


Rev F Esterhuizen (Chairperson)
Dr SP van der Schyff (1st Vice-chairperson)
Rev GPJ Stoltz (2nd Vice-chairperson)
Mr AL Pretorius (Additional Member)
Mrs AC Koekemoer (Executive Officer)

# TRANSORANJE INSTITUTE FOR SPECIAL EDUCATION
## *GOVERNANCE OF THE INSTITUTE*

### Founders*

### Members' Meeting
- Representatives of *founder members
- Management team
- Representatives of governing body of each school
- Staff member — executive officer
- School principals on invitation

Meet once per annum

### The 5 schools associated with TOIBO
Martie du Plessis School
Transvalia School
Sonitus School
Prinshof School
Transoranje School

### Executive Committee
- Management team
- Principals of five schools
- Executive officer

Meet twice per annum

### Management Team
- Chairperson
- Two vice-chairpersons
- One additional member
- Executive officer

Meet as often as required

### Delegates of the
- Reformed Churches in SA
- Netherdutch Reformed Church of Africa
- Dutch Reformed Church

Annual meetings

### Day-to-day management
Executive officer — Mrs Alta Koekemoer

*Founder members

The sponsoring body was appointed by the minister to promote special education and care for learners with disabilities in the schools associated with the Institute. TOIBO acts as a sponsoring body of these schools as defined in the Constitution.



# Uitblinkers

Dit is met trots dat TOIBO die volgende leerders en groepe kan gelukwens met hul pragtige prestasies. Verskeie leerders in al vyf skole het besondere prestasies op sport-, kultuur- en akademiese gebied behaal.

Take a look at the schools' reports elsewhere in this publication. Congratulations to all these learners!


## Transoranje School



Ten Transoranje School learners from Grade 7 to Grade 11 were awarded a special commendation for their **Mime** performance during **Eisteddfod 2023**.

**James Greeff**, 'n graad 9-leerder van Transoranje-Skool, het 98% – A++ – behaal vir sy individuele natuurtonele in die kategorie **Fotografie** tydens **Eisteddfod 2023**.

Transoranje learners participated in the **Gauteng Deaf school's spelling bee.** Transoranje School claimed the first and second places in the senior phase division. The juniors also performed well, and Delme Smith obtained the fourth place at provincial level. He received a tablet and a medal.







*Natuurtoneelfoto geneem deur James Greeff*

## Prinshofskool



*Elandri Harmse saam met Zander Fourie*




*Die Suid-Afrikaanse groep wat deelgeneem het in Los Angeles*

Elandri Harmse, graad 11-leerder in 2023 van Prinshofskool vir Gesiggestremdes, het twee silwer en een brons medalje in Los Angeles vir sang ontvang.

Sy het tydens die Julievakansie deelgeneem aan die **World Championships of Performing Arts in Los Angeles,** waarin sy Suid-Afrika verteenwoordig het. Sy spits haar veral toe op countrymusiek en wil graag musiek haar loopbaan maak.

# Martie Du Plessis *School*



*Ruan Gribble on his para-bike*

Eight learners participated in the **Toyota SASAPD National Championships** in Cape Town from 17 to 22 March – six para-cyclers, one para-athlete and one swimmer. The learners enjoyed the trip and achieved excellent results. Together they won 20 gold, eight silver and three bronze medals.




Kenane Bruyere is gekies vir die **Suid-Vrystaatse Tweekampspan** wat die Suid-Vrystaat in 2023 by die Suid-Afrikaanse kampioenskappe op ’n plaas by Coetzenburg in Stellenbosch verteenwoordig het.



Calista du Toit het **Proteakleure** ontvang in **Diskodans – Solo, Duo en groepdans.**



Marlo van Zyl is gekies vir die onder 12B-**rugbyspan** van die **Vrystaatse laerskole.**



Donné Morgan took part in the **Bloemfontein Open Squash Tournament** from 2 to 4 March. This tournament serves as a qualifying competition for Free State colours. She performed very well and is currently ranked number 11 for the B-side, girls under 16.



Wallie Arpin se baie oefensessies met boogskiet en sy deelname aan vele kompetisies het vrugte afgewerp.

Wallie klits tans onderskeidelik van 18 to 60 meter in die kol. Hy het by die **South African National Archery Association (SANAA) se nasionale kompetisie** (binnenshuise/buitenshuise kampioenskap) in die klas Recurve Men Under 18 ’n silwer medalje losgeskiet as tweede beste in die land.

Dit is ook die derde jaar dat hy aan die South African National Field Association (SANIFA) se nasionale kampioenskappe deelgeneem het; hy het ook ’n algehele derde plek en ’n brons medalje daar verower. Wallie is tans tweede op SANAA se nasionale ranglys.

Hy werk baie hard daaraan om sy tellings te skiet om te kwalifiseer vir sy Proteakleure.

# TOIBO *Trophy*



***Hoërskool Martie du Plessis***
***TOIBO-wisseltrofeewenner***



**Marnus van Straaten** is 'n trotse en ambisieuse leerder en 'n goeie ambassadeur vir Hoërskool Martie du Plessis. Marnus was die onderhoofleier van die skool in 2023. Hy het die skool verteenwoordig by die Nasionale Swemkampioenskappe. By die skool se jaarlikse Mnr & Mej Martie is hy gekroon as die eerste prins. Hy het mooi waardes en probeer 'n verskil maak waar hy ook al gaan.

***Transvalia-skool se wenner van die TOIBO-wisseltrofee***

Die toekenning gaan aan 'n leerder wat ten spyte van soms moeilike omstandighede en leerprobleme beïndruk het met pligsgetroudheid, ywer, deursettingsvermoë, selfdissipline, toewyding, 'n positiewe gesindheid, meelewing, algemene betroubaarheid en betrokkenheid op soveel moontlik terreine van die skoollewe.




**Wynand Hatting** is vanaf 11-jarige ouderdom 'n leerder aan Transvalia-Skool. Hy was aanvanklik skaam en ingetoë, maar hierdie seun het ontwikkel in 'n sanger met 'n pragtige stem wat al as openingskunstenaar vir verskeie bekende sangers opgetree het. Hierdie jaar was hy die onderhoofleier van die Leerderraad waar hy saam met die hoofleier uitstekende werk gelewer het.

Op die atletiekbaan het hy deelgeneem aan die langafstande en tweede plek behaal in die 400 m tydens die interskole atletiekbyeenkoms en eerste plek tydens die Prestige-byeenkoms. Kultuur het nie agterweë gebly nie. Hy was ook 'n aktiewe lid van Prosperita, waar hy ook sy deel gedoen het.

***Sonitusskool TOIBO-wisseltrofeewenner***



Die trofee is toegeken aan **Landon Derbyshire**, wat ten spyte van verskeie struikelblokke uitstaande prestasies op sowel akademiese as kulturele gebied behaal het. Hy het ook met toewyding in die VLR gedien. Landon het die trofee vir deursettingsvermoë en Akademie: Duxleerling ontvang. Hy het ook die Pro Arte-trofee ontvang, wat ten minste vier tot ses jaar se volgehoue harde werk en deursettingsvermoë sowel as uitmuntende prestasie op die Pretoriase Eisteddfod bekroon.

Landon het reeds vir vyf opeenvolgende jare goue medaljes verower vir sy uitmuntende voordrag en rolspel in monoloë. Dié prestasies getuig van toewyding en talent.

# Matric *class of 2023*




***Prinshof School TOIBO Floating Trophy winner***

The TOIBO award was presented by the executive officer of TOIBO, Mrs Alta Koekemoer, to **Asonge Darazza** for exceptional academic performance and as dux pupil.

Asonge received, among others, a certificate of excellence from the Gauteng Department of Education Tshwane West District for overall first position in LSEN schools in the 2023 National Senior Certificate examinations.

**Hoërskool Martie du Plessis se graad 12-klas** (48 leerders) van 2023 spog met 'n 100%-slaagsyfer in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.



- 75% het met 'n baccalaureus-toelating geslaag.
- 11% het met 'n diplomatoelating geslaag.
- 6% het met 'n Senior Sertifikaat geslaag.
- 8% het met 'n geëndosseerde sertifikaat geslaag.
- Altesaam agt onderskeidings is behaal.

*The following learners were amongst the top five learners with special needs in the Free State province and were invited to attend the Well-done Function:

- Brandon Joubert – two distinctions, in Mathematical Literacy and Tourism.
- Izak van Heerden (aangewys as topmatrikulant in spesiale onderrig) – een onderskeiding, in Rekenaar-toepassingstegnologie.
- Zuko Mnyameni – one distinction, in Visual Arts.


## Prinshof matric *class of 2023*




**Prinshof School** for visually impaired learners can pride themselves on their 100% pass rate in the 2023 matric exams. We are delighted to announce that there were nine distinctions and that 82% of the Grade 12 learners qualified for university entrance. These achievements reflect the dedication and hard work of our learners, teachers, and the whole school community. The success of our matriculants is not limited to academics, because they are also socially equipped members of society.




## DEMOGRAPHIC PROFILES 2024




## DISABILITIES IN THE 5 SCHOOLS 2024

| | |
|---|---|
| Blindness | 158 |
| Partially sighted | 309 |
| Deafness | 296 |
| Hard of hearing | 38 |
| Learning disabled | 874 |
| Epilepsy | 33 |
| Autism Spectrum Disorder (ASD) | 57 |
| Cerebral palsy | 46 |
| Physically disabled | 25 |
| MID/SID (mildly/severely intellectually disabled) | 192 |
| Other: Anxiety, chronic medication | 10 |
| **TOTAL LEARNER COUNT OF THE 5 SCHOOLS** | **2038** |

# Storie van hoop

*Naudine Booyens (oudleerder van Hoërskool Martie du Plessis) – in haar eie woorde*



Ek is gebore op 17 Februarie 2000 prematuur op 27 weke en as gevolg daarvan is die gedeelte van my brein wat my motoriese funksies beheer, onderontwikkeld – wat veroorsaak dat ek in 'n rolstoel is. My grootwordjare was maar moeilik, geweld en drank was aan die orde van die dag en al wat ek geken het. Ek is in 2004 by Martie du Plessis ingeskryf en dit het my veilige hawe geword. Ek het deur baie diepe waters gegaan, maar die onderwysers was altyd daar.

Ek het vir jare redelik gemiddeld gepresteer en graad 4 gedruip. In graad 5 het 'n onderwyseres potensiaal in my gesien en sy het alles in haar vermoë gedoen om my te help. Aan die einde van 2012 is ek vir die eerste keer as die toppresteerder aangewys. Ek het daar besef dat ek ook ontvlugting kan vind in my werk en dat my grootste krag in my kennis is.

Aan die einde van matriek in 2019 is ek as duxleerling aangewys en was ek ook een van die top tien van die Vrystaat se matrieks. Danksy my atletiekprestasies, is ek ook as senior sportvrou van die jaar aangewys.

My matriekjaar was rof, ek is gediagnoseer met depressie en dinge by die huis het te veel geword om te hanteer. Ek het op 'n punt gekom waar ek letterlik my eie selfdood beplan het. Ek het besluit om vir die laaste keer skool toe te gaan en die mense waarvoor ek omgee, te sien. Ek het so gemaak. My masker opgesit en skool toe gegaan. Ek het in die Engelse klas by die deur gesit en werk soos altyd, die adjunkhoof het ingekom en met die onderwyseres gepraat, hy het verby my gestap, sy hand op my skouer gesit, my in die oë gekyk en gesê jy's sterker as wat jy dink, jy gaan hierdeur kom, en hy het aangegaan met waarmee hy besig was. Daar het ek geweet dis 'n teken van die Here. Ek het net daar vir die onderwysers alles vertel. Ek is die volgende dag in die koshuis in en daar het ek gebly vir 'n kwartaal. Toe het my jarelange vriendin my ingeneem en ek het daar gebly tot ek in Februarie 2021 in my eie plek ingetrek het.

Universiteit was 'n uitdaging op sy eie. Ek het net weer besef dat die wêreld daar buite glad nie rolstoelvriendelik is nie. Die mense se aanmerkings en gekyk het my geleer om 'n dik vel te onwikkel. Ek kon baie keer nie by lokale inkom nie en moes buite staan en so probeer luister, maar nou is ek in my finale jaar en het pas my laaste vraestel ingehandig. Daar was tye dat ek gedink het ek gaan dit nie maak nie, maar ek het en dis alles net te danke aan die Hemelse Vader wat my gedra het.

Met erkenning aan LiG Tydskrif, enkele uittreksels vanuit 'n artikel op 4 Oktober 2023 deur Anri Matthee:

## "My rolstoel definieer my nie meer nie, sê student wat weer groot droom"




Sy wou haar graag as onderwyser bekwaam, maar die enorme finansiële las van tersiêre onderrig was 'n onoorkombare struikelblok. *My skoolhoof en onderwysers was besonder ondersteunend en het my gehelp met 'n plan vir my toekoms, asook om vir 'n beurs te registreer.*

Deesdae woon Naudine op haar eentjie en doen alles self, van kosmaak tot die vloer mop. Sy is tans besig met die finale jaar van haar BCom-graad in Besigheidsbestuur.

Haar passie vir mense, wat haar aanvanklik na die onderwys gelok het, het intussen in 'n nuwe droom gestalte gekry: *Ek het 'n droom om 'n tersiêre liggaam tot stand te bring wat gerig is op studente met gestremdhede.*





# Storie van hoop

***Lané Croucamp***
***(oudleerder van Prinshofskool vir Gesiggestremdes)***

Ek het in 2005 in die tweede kwartaal van graad 2 by Prinshofskool aangesluit. Daar is ek met ope arms in die visueel gestremde gemeenskap ontvang. Ek het my beste vriendin, Twané, daar ontmoet en ons is tot vandag toe nog boesemvriendinne.

Ek het tot in graad 9 topgehalte onderrig met behulp van vergrote visuele materiaal ontvang. Daarna het ek oorgeskakel na braille-onderrig en het uiteindelik in 2015 my matriek-eindeksamens ten volle in braille voltooi.

Ek het in my matriekjaar die toekenning vir die duxleerling by Prinshofskool ontvang. In my graad 12-jaar is ek aangewys as hoofdogter van beide die skool en die koshuis se leerlingraad.

Gedurende my skooljare het ek opleiding in klavier en viool gekry en het in hierdie tyd UNISA-eksamens tot en met graad 7 geslaag.

As gevolg van my liefde vir musiek het ek na skool verder gestudeer in die rigting van klanktegnologie. In 2018 het ek 'n diploma in klankingenieurswese verwerf en die toekenning vir topstudent in beide musiekproduksie en radioproduksie ontvang.

Gedurende my studies het ek aan die einste akademie die liefde van my lewe ontmoet. Ons het 'n gemeenskaplike liefde vir musiek en klank, en is in 2021 getroud.

Op die oomblik werk ek as klankontwerper vir verskeie radioprogramme. Ek het ook die voorreg om studente meer te leer oor radioproduksie by die Instituut waar ek my kwalifikasie verwerf het.

Ek is baie dankbaar teenoor my ouers, man, familie, vriende en onderwysers vir die rol wat elkeen in my lewe gespeel het om my die mens te maak wat ek vandag is.

Dit is vir my baie belangrik om vir lede van die gestremde gemeenskap te wys dat niks onmoontlik is wanneer harde werk betrokke is nie. Ons doen dinge dalk so 'n bietjie anders, maar dit word gedoen!

My storie is nog lank nie verby nie: Ek werk tans aan my droom om 'n suksesvolle radiovervaardiger te wees, maar belangrikste van alles – om 'n lewe vol geluk te lei.



# Storie van HOOP



***Lizette Fitzpatrick***
***(oudleerder van Transoranje-Skool vir Dowes)***

Geen uitdaging is te groot nie. Hierdie stelling het Lizette Fitzpatrick deur en deur bewys. Lizette was die eerste student wat haar onderwysgraad deur middel van afstandsonderrig aan die Noordwes-Universiteit (NWU) behaal het. Haar prestasie het egter nie sommer met gemak gebeur nie.

Lizette is gebore met sensoriese neurale doofheid en het reeds op die ouderdom van drie jaar haar skoolloopbaan begin by Sonitusskool. Weens die ernstige graad van doofheid is sy op die ouderdom van sewe jaar oorgeplaas na Transoranje-Skool vir Dowes. Lizette was gedurende haar skoolloopbaan 'n uitblinker-atleet en -leier. Sy is ook 'n kranige natuurliefhebber en het gedurende haar graad 11-jaar 'n junior natuurbewaringskursus gedoen. Daarna het sy ses weke lank op 'n wildsplaas in Limpopo gewerk. Sy het in 2007 aan Transoranje-Skool gematrikuleer.

Na skool het sy 'n kursus in grafiese ontwerp by Khulani Academy gedoen. Daarna het sy gaan werk as administrateur. Sy het besluit om Vroeë Kinderontwikkeling (ECD) te gaan studeer, maar haar doofheid en gebrek aan 'n matriekvrystelling het haar gepootjie.

Lizette was die eerste Dowe student wat vir langafstandstudies toegelaat is aan die NWU. Sy vertel: *Ek is baie dankbaar dat die NWU my met ope arms ontvang het en gepoog het om elke uitdaging wat ek beleef het, te vergemaklik*. Lizette het toe haar studies in vroeë kinderontwikkeling begin, en terwyl dit eintlik net 18 maande neem vir so 'n kursus, het dit haar drie jaar geneem om dit te voltooi. Sy is deurentyd ondersteun deur haar moeder, Marelize Burger, 'n onderwyseres aan Transoranje-Skool, wat haar gehelp het deur vir haar te tolk en onbekende akademiese woorde te verduidelik.

Nadat sy haar Graad R-diploma verwerf het, het sy begin werk as graad R-juffrou by die St Vincent-skool vir Dowes. Sy het egter besef dat sy steeds nie haar droom as onderwyseres verwesenlik het nie. Sy het geregistreer om op 'n deeltydse basis haar BEd-graad te verwerf. As werkende ma van twee jong kinders was dit werklik 'n ernstige uitdaging, maar steeds het sy haar nie laat stuit nie. In 2023 het sy uiteindelik haar BEd (Grondslagfase) aan die NWU verwerf.

Soos alles in die lewe, is dit nie net maanskyn en rose nie, daar was ook 'n paar struikelblokke op die pad.

Lizette het Musiek ook as 'n vak gehad, en siende dat sy nie 'n noot kon hoor nie, het haar ma, soos met al haar studies, uit haar pad gegaan om haar dogter te help. Sy moes fisies die note vir haar teken en verduidelik waar die noot staan en hoe dit klink. Vir Lizette se eksamen moes daar natuurlik 'n lied voorberei en aangebied word: Sy het 'n lied in Gebaretaal aangebied.

Lizette benadruk die belangrikheid daarvan dat Dowe leerders onderrig ontvang in hul moedertaal, naamlik Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Dit is van groot belang dat leerders hul lees- en skryfvaardighede optimaal ontwikkel om hulle die beste kans vir sukses en gelyke geleenthede te gee.



Lizette het in Januarie 2024 begin as 'n onderwyseres aan De la Bat-skool vir Dowes.

# Sonitus vier hul Goue 50-jaar-jubileum




Op 10 April 2023 het Sonitus 50 jaar van bestaan gevier.

Die stigters het soveel jare gelede besluit om die skool Sonitus te noem, omdat die woord ontleen is aan die Latynse woord vir klank of geraas. Die rede vir ons ontstaan was om daarna te streef om betekenisvolle klank na die hardhorende te bring, in 'n horende wêreld.

Na 50 jaar is dit steeds ons strewe, maar met 'n veelvoudiger doel, om nie net klank nie maar ook onderrig te bied aan alle leerders wat 'n leeragterstand of gestremdheid ervaar.

Sonitus se tweetalige, multikulturele eienskappe het oor die jare ontwikkel om aan leerders verskeie kurrikulums te bied. Ons het dus verskillende groepe leerders wat verskeie praktiese en akademiese programme volg.

Sonitus is bevoorreg om op verskeie gebiede aan ons leerders ook sport- en kulturele aktiwiteite aan te bied.

Ons doen nie elke jaar Revue nie, maar met die feesjaar het ons weer 'n spesiale Revue aangebied. Ons moedig massadeelname aan sodat elke leerder die geleentheid het om op die verhoog te kan dans en deel te wees van 'n groep. Al die personeel was ook betrokke, met afrigting, klank, beligting, dekor of versiering.

Ons reünie het ook nostalgiese oomblikke aan talle oudskoliere gebied. Die groepe wat dit bygewoon het, het gewissel van die eerste groep leerders tot leerders wat verlede jaar die skool verlaat het. Hulle het op 'n nostalgietoer gegaan toe hulle deur die skool gestap het en onthou het waar hul beddens in die koshuis was, en waar hul graad 1-klassies was.

Dit was 'n feesjaar, en so sien ons uit na die volgende 50 jaar se bestaan. Ons vier elke jaar as 'n genadejaar, dat Sonitus nog kan bestaan en onderrig kan bied aan leerders met spesiale onderwysbehoeftes, onder die vleuels van TOIBO.

**"Ons vier elke jaar as 'n genadejaar..."**





# Prinshofskool 60-jaar-diamantjubileum

1963 -2023

Sedert die begin van die jaar het ons beplan om deur die loop van die jaar die grootsheid van ons 60-jaar-herdenking te vier. Die skoolgemeenskap wou graag almal se verwagtinge oortref en 'n gesamentlike kultuur skep waar elkeen deel kon wees van die jaar se aktiwiteite.

In February we commenced with a lovely promotional video, and we gave our web page a facelift! We invite you to visit www.prinshof.co.za and to learn more about Prinshof School.

In March the parents were invited to erect their own stalls and to sell products, with the hope that the school could in this way help the community. However, this Parents' Market Day was not supported as expected. Once more we realised that the parents are very enthusiastic, but that they need guidance.

Met groot kundigheid en ywer het die personeel in die tweede kwartaal 'n suksesvolle *Dinner in the Dark* aangepak, waar gaste heerlike kos kon geniet, maar wel geblinddoek moes eet. Dit was vir elkeen 'n onvergeetlike aand. Terugskouend besef ons dat die ondersteuners en donasies die sukses van die aand bepaal het. Dankie aan elkeen van die TOIBO-lede wat die geleentheid kon bywoon.

Die bewustheid van gesiggestremdheid het baie mense daardie aand opnuut laat besef hoe bevoorreg ons is.

Ons sien uit daarna om die funksie jaarliks aan te bied, en Prinshofskool sinoniem te maak met hierdie wonderlike aand.

During the third quarter we held a reunion for former learners and teachers. The day consisted of a braai and a picnic on the soccer field, with entertainment for young and old. The highlight was the unveiling of the wall of remembrance for all our former learners and teaching staff who are no longer with us. The unveiling was done by Mrs Hestelle Viljoen, one of Prinshof's former principals.

During the fourth quarter we concluded our 60 years anniversary with a concert where the parents could once more enjoy their children's appearance on the stage in a performance that took their breaths away.

Tydens die 60-jaar-vieringe het elke leerder 'n Prinshof T-hemp ontvang. Die leerders het die voorreg om elke laaste Vrydag van die maand hul T-hemde saam met 'n denim en tekkies aan te trek.

Met groot waardering aan TOIBO wat die visie gehad het om ons wonderlike skool in Junie 1963 te stig!

Mev Karin Swart
Hoof



# DO NA SI



Die *Stap vir Bybels-projek* van die GKSA, NHKA, NGK en APK Marble Hall skenk Grootdruk Afrikaanse Bybels





## *Projek Volmagie:*

NGK se KSM Dien maak skenkings van voedsel en geskenkpakke met skryfbehoeftes

Project Full Tummy





Project Dignity



GKSA Kameeldrift's project *Cookies for Children* is a beautiful fundraising and donates delicious cookies to underprivileged learners

## *Project Dignity:*

GKSA Pretoria-Brooklyn's collection of toiletries

# ES





Projek Leerkrag




**Projek Leerkrag:**
Dankieségeskenk vir Onderwysersdag



Project Warm Body

**Projek Warm Lyfie:**
Warm truie, musse, serpe en ander klerasie geskenk deur NHKA Hartebeeshoek en NHKA Pretoria-Oos

**Projek Warm Lyfie:**
Anne-Marie Cronje van die NGK se Kerksondermure (KSM) Dien oorhandig komberse

"Let no one ever come to you without leaving better and happier. Be the living expression of God's kindness: kindness in your face, kindness in your eyes and kindness in your smile."
- Mother Teresa



# *Ways to leave your* footprint of kindness *and help a needy child with a disability!*

There are different ways to get involved. Be the one that makes a real difference in the lives of our children with disabilities!

**Cash donations**

Section 18A tax-deductible certificates available:
**Transoranje Institute**
ABSA
Branch code: 632 005
Cheque account number: 020 840 145

**Fill-a-box donations**

Collect items such as clothing, toiletries, stationery and non-perishable food at your office, church, school, or from family and friends.

**Support TOIBO with Casual Day**

The Institute participates in Casual Day via the infrastructure of the NCPD (National Council of and for Persons with Disabilities). Order stickers for your office, school, church, family and friends from TOIBO.

**Follow, like & share**

Please share our news. Subscribe to our newsletter. Follow, like and share our Facebook page named: Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO).

**Pledge**

Make a pledge and donate monthly — any amount can help make a difference!

**Koopkrag and Pretorium Trust**

Donate monthly through your Koopkrag or Pretorium Trust account. Contact the TOIBO office for a donation form.

**Nominate us**

Nominate TOIBO as your beneficiary on any program or fundraiser.

**Bequest or policy beneficiaries**

Appoint TOIBO as a beneficiary of your will or policy. Contact your broker or lawyer to make TOIBO an heir.

In order for us to thank you and for an 18A tax-deductible certificate, please e-mail us your details when you donate.

For more information, please contact the TOIBO office:
174 Duxbury Road, Hillcrest, Pretoria | 076 143 6961 | info@toibo.org.za | **www.toibo.org.za**

KOOPKRAG | Pretorium Trust – Die kaart met 'n bonus - The card with a bonus | Casual Day – For persons with disabilities | FOLLOW US

Goeie môre tannie, ek wil baie dankie vir tannie sê vir al die kos wat tannie vir ons gee. Ek die Here seën tannie met baie liefde.

van

Baie dankie vir al die ondersteuning. ❤️ Alles wat julle vir my gedoen het beteken so baie vir my. Ek bid dat die Here julle sëen vir al die goeie dade wat julle doen. Uit die diepte van my hart, baie dankie ❤️ 14:42

Vandag
Van al die kleersers

Baie dankie aan al die goedhartigheid en omgee aan die gesin. Ons waardeur die opreg. Mag God hul dra en beskerm en help waar jy kan.

Geseënde Kersfees en voorspoedige nuwe jaar mag dit al die drome waar word..

Groete

ons wil net se Baia Dankie vir al die help wat almel vir ons geê deer die jaar ons is baie bankdaar vir die kos wat ons kry. Dankie

dankie tanie vir die kos vir die



Hi everyone on be half of s family i will like to thank you all for support that you give to I like to thank those who pay Scholl fees , food parcel,books,hostel fees,toiletries and all sturf who participant to this journey for so long. You did a good job for and us and you make journey easy for me. Thank you for everything and love you give to us as family.You cover a lot of gape for me and thank you so much even to tannie , and all teachers of sonitus including metric dance preparation we are lucky to find people like you thank you so much for everything mey god bless you all with your family's love you all 👏👏👏 14:33

Baie baie dankie tannie vir alles wat tannie vir ons doen ons waardeur dit so baie.

Van

Goeie môre tannie ek wil net baie dankie sê vir al die kos wat tannie altyd vir ons voorsien. Tannie moet 'n lekker kersfees hê.




# ENKOSI

Baie dankie!
tannie wat tannie vir ons doen en vir al die kos en ek badeer baie

Wie dis mag aangaap my naam is
ek wil het baie dankie
sê vir die kos wat ek elke dag by skool kan eet en die kospakkie wat ons huis toe neem dit word opregwaar deur mag die Here julle seën, Geseënde kersfees en voorspoedige nuwe jaar Liefde




Skool

Danke is 'n klein woordjie, wat ons opreg kan sê, en die groot verskil wat julle maak in ons gesin se lewe.

Dankie vir elke skenking wat ons deur die jaar kon ontvang het. Ons kan met eerlikheid sê, dat julle die lig in 'n donker kamer vol bekommernisse en vrees was.

Ons gesin wens aan elkeen van julle, 'n Geseënde Kersfees toe en Voorspoed vir die nuwe jaar wat voorlê, gevul met God se liefde, vreugde en vrede.

Liefde,

Die Gesin

Baie Dankie vir die kos en Dankie vir alles geseëne kersfees mag jy jou naweek geniet

Badankie wier die kos want dit is lekker.

Vreeslik baie dankie vir alles julle help ons onsettend baie!
God Bless.
Merry Christmas & Happy New Year.

# DANKIE

Baie dankie, Tannie vir die kos wat ons die hele jaar gekry het. Ons is baie dankbaar vir tannie wat kinders help wat sukkel tannie is 'n ongelooflike dierbare mense en dankie vir als wat tannie vir ons doen ons waardeer dit opreg

Groete ♥

Familie

Hiernee wil ons net almal net Bidank wat die kos skenkins aan die skool en ons gegee het ons wardee dit opreg mag die jure julle seen geseende kervees 'n voorspoedige niewe Jaar mag Got Julle vylig hou en seen deer die vikansie en volgande Jaar

en baie dankie vir mivrou vir als wat mifrou gedoen het vir ons deer die jaar

Giseende kervees


# NGIYABONGA

thank you

# Our footprint of kindness...

The Institute functions independently of the five public schools and supports the schools financially by making contributions to them for assistance to needy learners. Due to the increasing number of underprivileged children, the schools' budgets cannot provide for all the additional costs. The funds and donations in kind provided by the Institute are therefore of crucial importance.

We need you to become involved and to assist us with this very worthy cause, and to leave your own footprint of kindness! Our projects include the following:



## Project **Sunshine**

With this project, attention is given to the unique needs that each school experiences regarding needy learners. Funds can bring relief in respect of but not limited to help with hostel fees, transport cost, feeding scheme, clothing, toiletries, stationery, assistive devices, and unforeseen expenses. We need cash donations to address these needs.

Project Sunshine

Project Full Tummy

## Project **Full Tummy**

With this project, we want to ensure that no child goes through a school day or goes to sleep on an empty stomach. Some learners receive meals at school, others receive packed lunches for breaks. Many learners receive grocery parcels to take home, for example during holidays. Donations of cash or non-perishable food are appreciated.





## Project **Warm Body**

Early public transport to school on cold winter mornings and large cold classrooms are the reality in our children's lives. We want to ensure that every child is warm and healthy through the cold winter days. Donations are welcome.

Project Warm Body

Project Dignity

## Project **Dignity**

We do not want any child to face the humiliation of threadbare or too small school uniforms or other clothes and shoes, or of having to borrow other learners' stationery. Not to mention the dilemma of girls who do not have the necessary sanitary ware to attend school, or children without the basic toiletries. Project Dignity wants to ensure that we collect enough products to provide to the learners who cannot afford it. Cash for and donations of sanitary ware, stationery and clothing are always welcome.





## Project **School Shoes**

Many learners seldom receive new school shoes. We want to ensure that every underprivileged child has a fresh pair of school shoes that fits.
Donations are welcome.

Project School Shoes

## Project **Stormy Weather**


The objective of this project is to offer discretionary financial support to the schools and to alleviate unforeseen expenses and emergencies that cannot be covered by the school's budget or insurance and that fall outside the framework of the other projects. We need cash donations to address these needs.



Project Stormy Weather

# Cash Donations

**of R947 807 were made to the schools in 2023 towards:**




Furthermore, many in-kind donations of products/items such as clothing, toiletries, food and stationery were received and distributed to the schools. A heartfelt thank you to all the donors for your footprint of kindness in our organisation.

We ask for your support with financial contributions, as well as donations in kind so that we can manage these projects successfully. A Section 18A tax-deductible certificate is available.

**Transoranje Institute: ABSA, cheque account 020 840 145, branch code 632005.**

Please e-mail the proof of payment and your contact details to info@toibo.org.za so that we can thank you.

PRINSHOF

DEUR GELOOF TOT DIE LIG
THROUGH FAITH UNTO LIGHT

# Prinshof

## School for the Visually Impaired

'n Jolige 2023 het begin met Prinshof se 60ste verjaardag wat op verskeie maniere deur die jaar gevier is.

## Personalia

Prinshofskool het in 2023 agt nuwe personeellede verwelkom. Die skool het met twee poste gegroei weens die voortdurende toename in Prinshof se getalle.

In 2023 moes ons met hartseer afskeid neem van me E Botes, die hoof van die Engelse Departement in die Sekondêre Fase en me C Morema, een van ons huismoeders.

## Klas van 2023

Met opregte dankbaarheid kondig ons aan dat ons in 2023 'n 100%-slaagsyfer vir die matrieks behaal het. Daar was nege onderskeidings, en van die 17 leerders het 14 met universiteitsvrystelling geslaag.



## Leerdersake

Die Sekondêre Fase het begin met 180 leerders en 28 onderwysers. Die Intermediêre Fase het 87 leerders, die TOC-afdeling (Technical Occupational Curriculum) 87 leerders, en die fase vir verstandelik erg gestremdes 47 leerders. Die Grondslagfase het 29 braille-leerders en 57 swaksiende leerders, wat die skool in 2023 tot die totaal van 487 leerders gebring het. Dit is 'n bron van trots vir die skool.

## Achievements

Prinshof's learners did us proud on various academic and cultural terrains. Learners took part in several Olympiads.



*Leerlingraad*

## Mathematics Olympiad

Two learners in each grade from Grades 7, 8 and 9 participated in the Mathematics Olympiad and performed well.

## Skills Quiz at provincial level

Two Prinshof learners excelled: Naledi Gambushe won the boys' championship, and Kutlwanu Baloyi received a certificate and a medal.

## Braille Trophy Competition South Africa

Prinshof learners from the Primary Division won the competition. Kongela Mabunda and Thatu Mavuso won prizes for the best braille in Grade 8 en Grade 10.

## Creative Arts Competition

Three learners reached provincial level.
Two of our learners also made a substantial contribution at the National Youth Parliament.

## Givaudan SA Interschools Competition / Workshop

This has been a captivating journey of learning and a sensory competition for our Grade 11 learners. The competition consisted of five areas in the fascinating world of scent experts and creators of perfumery art. The learners had a mini competition to identify and describe areas of aroma, taste and smell. The learners who participated were awarded prizes in various competitions.




## SKUIM, SKUIM, SKUIM!

In 'n verruklike viering van inklusiwiteit, vreugde en eenheid het Prinshofskool op 14 Februarie 2023 geskiedenis gemaak deur hul eerste skuimpartytjie aan te bied. Die gebeurtenis, gehou by die skool se swembad, het golwe van opwinding en gelag deur die hele skool geskep en was 'n onvergeetlike ervaring vir die leerders en personeel.

## Uitstappies en instappies

Die leerders het verskeie uitstappies en instappies meegemaak.

## Besoek aan die Universiteit van Johannesburg (UJ)

Die leerders het 'n besondere ervaring gehad tydens hul besoek aan die UJ. Die Lego-oefeninge het 'n wonderlike geleentheid gebied vir 'n interaktiewe en praktiese leerervaring. Die studente was entoesiasties om saam te werk deur spelling te leer, wat die doeltreffendheid van die UJ se onderrigmetodes weerspieël. Die besoek aan die kampus het beslis 'n blywende indruk op die studente gelaat. Ons stel besonder belang in die ontwikkelings wat verband hou met die Vierde Nywerheidsrevolusie (4IR) en sien uit daarna om opdaterings te ontvang oor wanneer dit volledig operasioneel sal wees. Die ondersoek na die moontlikhede wat die 4IR bring, is iets waarna ons uitsien, in samewerking met die UJ.

Tydens die besoek is leerders ook blootgestel aan die toekomstige klaskamer en interaktiewe bord, wat vir hulle 'n blik gegee het op innoverende opvoedkundige tegnologieë.

## Virtuele Werklikheidservaring (VR)

VR-onderwys het op 13 Februarie 2023 'n meesleurende ervaring vir ons leerders en onderwysers aangebied. Die sessies was goed georganiseer, met grade 6 tot 12 wat deur die dag deelgeneem het. Die sessies, wat elk 30 minute geduur het met 'n 15-minute-pouse vir groepverandering, het 'n omvattende en boeiende ervaring moontlik gemaak.

## Planeetverkenning (grade 6 tot 8)

Leerders het die planete verken, in lyn met hul kurrikulum. Hierdie opvoedkundige VR-sessie het 'n unieke en boeiende manier vir studente gebied om hul begrip van planetêre stelsels te verbeter.



## Dinosourus-tuimeltreinrit (grade 10 tot 12)

Ouer leerders het 'n opwindende tuimeltreinrit tussen dinosourusse geniet, wat vermaak gekombineer het met opvoedkundige elemente. Blinde leerders het die geleentheid gehad om die VR-bril te voel en hulself in die ervaring te dompel, wat 'n inklusiewe en toeganklike geleentheid vir almal gebied het.

In totaal het 118 leerders en 15 onderwysers deelgeneem, wat bygedra het tot 'n positiewe en samewerkende leeromgewing. Beide studente en personeel het genot en waardering uitgespreek vir die unieke leerervaring wat deur VR-onderwys gebied is.

Ons glo dat sulke innoverende ervarings aansienlik bydra tot die holistiese ontwikkeling van ons studente en in ooreenstemming is met ons toewyding om moderne opvoedkundige tegnologieë te omhels.

## Matriekafskeid

Die matriekafskeid was weer 'n hoogtepunt waar ons matrieks hulle in hul droomrokke en -pakke kon uitdos. Die afskeid is by DejaVu gehou... en dit was inderdaad 'n aand om te onthou.







## Sport

The learners still had the opportunity to break away from the academic program and to participate in sport or cultural extra-mural activities. The activities available to them were, among others, blind cricket, soccer, netball, chess, reading in the media centre, karate and/or public speaking. The gymnasium was recently renovated, and our gymnasium is now second to none!

Athletics also made 2023 a packed and successful year. Some of our learners reached national level. On 22 April 2023, four athletes broke records at this Boksburg Gauteng North LSEN participation gathering.





## Onderwysers

Die onderwysers het verskeie werkwinkels en opleidingsgeleenthede bygewoon, wat hul vaardighede in inklusiewe onderrig verbeter en hul kennis deurentyd verbreed. Ons is trots om te sê dat ons onderwysers wat ingeskryf is by TUKS vir *Visual Impairment Studies* hulle goed van hul taak kwyt en dat hulle almal in 2024 die diplomastudies sal voltooi.

Die onderwysers is ook nie altyd nét ernstig nie – tot groot vermaak van die leerders het die onderwysers en leerders rolle omgeruil op Jeugdag. Hier is ons hoofmeisie en stoutste "leerder".





The learners of Prinshof are and remain our priority, and every teacher endeavours to motivate and inspire the learners to reach their full potential.

## Kragopwekker

Ons is ook aan die begin van 2023 met 'n kragopwekker geseën, wat deesdae 'n onmisbare aanwins vir enige skool of huishouding is. Die opwekker is geïnstalleer en het die skool al verskeie kere uit 'n donker situasie gered.

**We can look back with pride on a very successful 2023.**

*Mev Karin Swart (Prinsipaal)*

# Martie du Plessis

## Skool vir Fisiese, Serebrale & Leergestremdhede

> **Kom ons gee
> dus vir ons kinders geskenke
> wat nooit breek of uit die mode gaan nie,
> maar wat die wêreld 'n beter plek maak.**
>
> **Geskenke soos:
> *Let's use our words to heal,
> rather than to hurt people.***



Mr Francois van Heerden
Principal

As we find ourselves at the back end of 2023, I believe it is important to consider what we need to change to make this world a better place for the people around us.

Ek weet ook dat van die diepste seer wat mense beleef juis dit is wat dikwels vir hulle gesê word. Ons kan beslis nie kies wat mense vir ons sê nie, maar ons kan vir seker kies wat ons vir ander mense sê.

I therefore believe that if we choose carefully what we say to people and if we choose not to respond by hurting other people even if they hurt us, we can surely change our families, schools, society and our country.

---

A happy 2023 started with our theme: Happiness comes from within...

### Weekend of hope

3 to 5 February was a busy but successful weekend at our school. We were privileged to host our second Week/Weekend of Hope.  Together with a team of volunteers consisting of parents and teachers, we managed to bring hope to our future generation of leaders. On Saturday we had lots of games and sports, which was a lot of fun!

The week came to an end on Sunday with praise and worship in the school hall, for all the teachers, parents and learners. We pray that each learner will hold on to the hope created and that it will not only be placed in their hearts, but that it will be shared and grow during the years to come.

## Eerste LSOB-sportdag

Op 22 Julie 2023 het die eerste sportdag vir LSOB-skole by Martie du Plessis plaasgevind. Die gedagte vir die sportdag het ontstaan vanuit ons jaarlikse intersportbyeenkoms met Hoërskool Cape Recife. Daar is besluit om dit te omskep in 'n sportdag vir LSOB-skole. Sportsoorte soos boogskiet is wonderlik vir kinders om hulle te help met fokus, konsentrasie en dissipline. Rolstoelgebonde leerders kon deelneem aan boccia, 'n paralimpiese sport wat soortgelyk is aan rolbal. Die doel van die Martie du Plessis Sportdag was om blootstelling te gee aan leerders wat in ander skole nooit 'n kans sou gehad het om te speel nie. Die skool sal in die toekoms dieselfde doel nastreef.





## Ad Lucem-sentrum

Op 12 April het die skool ons nuwe Ad Lucem-sentrum met vier nuwe tegniese klasse geopen. Die sentrum behels nuwe klaskamers vir Tegnologie, Landboutegnologie, Ingenieursgrafika en Ontwerp. Daar is 'n groot werkruimte sodat leerlinge praktiese werk kan doen.



## Personeelkonsert

Na 'n paar jaar, het die personeel van Martie du Plessis weer op 23 Augustus konsert gehou. Dit was 'n onvergeetlike aand met beoordelaars, puik optredes en die talente van die personeel.





## Staff members excel

Our principal, Mr Van Heerden, was chosen as the provincial winner in the category Excellence in Special Needs Leadership at the National Teaching Awards.

We are also proud of Mr Blaise Bukasa who obtained his master's degree in Trauma Counselling.

## Aand van die Sterre

Dit was hierdie jaar ons 20ste Aand van die Sterre. Dit was weer eens 'n spoggeleentheid met Christelle Web-Joubert as gasspreker, Carla Mackenzie as seremoniemeester, en GP van Rheede van Oudtshoorn met sy orkes, Ginger Snap. Die tema van die aand was *A Story Worth Telling.*

## Kultuur

Twee leerders, Emma Beukes (graad 9) en Anja Rossouw (graad 10), was bevoorreg om in Desember saam met die Bloemfonteinse Kinderkoor in Europa te toer.

Vier van ons leerders het aan die Expo deelgeneem en het uitstekend presteer en met silwer toekennings weggestap. Een van die leerders is genooi na die Expo in Johannesburg.

Etienne van Vuuren en Thulo Madiehe was twee goeie ambassadeurs vir Martie du Plessis Skool toe hulle in die Maartvakansie aan die Radio Rosestad Top 10 Skoleprogram deelgeneem het.



*Emma Beukes*






# Cerebral palsy



On 7 October, four of our learners and their parents attended the Cerebral Palsy Awareness Day at Elanzi Stables. The focus of this year's event was to expose children with cerebral palsy to the benefits of horses and horse-riding, and to raise awareness amongst the public regarding cerebral palsy. The day was hosted by Big Strides OT in collaboration with Khanya for Life NPO, Elanzi Stables and Xpand Your Brand. The children had the opportunity to meet, interact with and ride on the horses. It was a lovely day filled with spoils!

Free State Children's Parliament Workshop
Theme: Child Rights Consultation for Children with Special Needs

All special needs schools in the Free State were asked to choose two children between 13 and 17 years old to participate in the workshop. By strengthening child participation, children were given the opportunity to speak out about matters affecting them negatively in their communities and other matters related to the rights of children. They provided some practical suggestions on how these challenges can be mitigated. Officials from the Department of Social Development as well as role players from the Free State Premier's office were present. Miss Free State, Ms Shanen Emam, also attended.

Martie du Plessis was represented by Kgalalelo Mokhaneli (Grade 10) and Kiara Sewkumar (Grade 9), under supervision of Mr Blaise Bukasa, a child and youth care worker.





# Sonkrag

Ons skool is bevoorreg om meer as 100 sonpanele met vier omskakelaars te kon installeer. Die sisteem is sedert September in volle werking. Dit dra daartoe by dat die rekenaarklasse en leessentrums kan voortgaan tydens beurtkrag. In eksamentye kan leerders ook soos gewoonlik voortgaan met hul akkommoderings en rekenaarhulp as gevolg van die sonkrag. Tot dusver het ons 16,9 bome gespaar!

# Sport

11 of our school's archery learners participated in the AGA Archery League Match at Curro School on 11 March 2023. These learners made history for the school as it was the first official archery match that the school took part in. The school's archery club is a few years old, but they never participated in a league before.

Ons is baie trots daarop dat drie van ons atlete uitgenooi is na die jaarlikse *Well Done*-funksie van die Vrystaatse Atletiekfederasie. Cassey Repon is aangewys as die beste seunsatleet in die afdeling vir LSOB-skole.

The RDK Hockey Academy team had an amazing time celebrating the true spirit of embracing the talents you received.

Spending time with the wonderful goalie Kgalalelo Mokhaneli of Martie du Plessis School motivates people not to give up, despite their challenges. Even without arms, he defends the goalbox like a champion!







# Matriekklas van 2023

Ons is geseënd en opgewonde om met ons graad 12-klas (48 leerders) van 2023 se 100%-slaagsyfer te spog. 75% het met baccalaureustoelating geslaag, 11% met diplomatoelating, 6% met 'n Senior Sertifikaat, en 8% met 'n geëndosseerde sertifikaat. Daar was altesaam agt onderskeidings.



# Vaardigheidsklas


Daar is hard daaraan gewerk om geskenke te maak en om alles gereed te kry vir die Vaardigheidsafdeling se Kersmark. Die onderwysers het altyd 'n geldjie beskikbaar vir 'n geskenkie en dit het baie goed uitgewerk!



'n Klaskamp is gehou en die hele klas het heerlik gekamp in tente buite die klas (totdat dit begin reën het) … heeltyd pret! Daar is lekker geswem, gebraai en gekuier.



Drie skoolverlaters is gegroet op 'n spoggerige aand. Almal het pragtig gelyk, met spoggerige motors en aangetrek soos sterre op die rooi tapyt!



## Ad Lucem

Ad Lucem, Ad Lucem.
Kom hoor die ligverhaal
van stukkende drome
uit duisternis gehaal.

Van aanmekaarsit en herbou,
van nie moed opgee nie, maar aanhou,
van mense soos jy wat jou lewe neerlê,
wat gebrokenes optel en sê wat God sê:

wat jong boompies buig en rig
en geboë skouers en kenne oplig.
Draers van die waarheid, bringers van hoop.
Ad Lucem, Ad Lucem, saam met God sal ons loop.

Geskryf deur Nicolene Fourie
(personeellid van Hoërskool Martie du Plessis)

# Transoranje
## School for the Deaf

### Mylpaal vir Transoranje

Die tema vir ons 70ste bestaansjaar in 2024 is: *My hands my voice*. Die doelwit is om bewustheid van Suid-Afrikaanse Gebaretaal te skep.

Ons is baie dankbaar dat ons leerdertal in die laaste drie jaar van 217 tot 256 gestyg het.

### Curriculum

We are very proud of our three Grade 12 learners who passed the endorsed matric exams. The FET teachers ran the last lap with the four matriculants with extra classes during weekends and holidays, but I want to honour every staff member from the pre-school to the hostel who played a part in supporting these learners to reach their end goal.

Transoranje School strives to meet the individual learner's specific teaching needs. Currently, three different curricula are offered at the school, namely:

• The CAPS (Curriculum and Assessment Policy Statement) for Grades R to 12, for the learners who can meet the academic requirements.

• The TOC (Technical Occupational Curriculum) four-year program for learners who are more practically oriented. This program is focused on learning practical skills, one of which is learning entrepreneurial skills.

• The DCAPS (Differentiated Curriculum and Assessment Policy Statement) is followed by the learners who experience serious academic challenges. In this phase, the focus is on learning life skills. One of these skills is being self-sufficient. The class planted a vegetable garden, and the first harvest of pumpkins and spinach was successfully supplied to the hostel.

Dit is vir my, mev Leria Delport, as waarnemende hoof 'n voorreg om oor Transoranje-Skool se wel en wee van die afgelope jaar verslag te doen. Weens die vakante prinsipaalpos word die skool tans bestuur deur drie bekwame dames wat saam meer as 50 jaar ondervinding in Dowe onderwys het, naamlik mev Ouma Mudau, mev Karin de Wet – beide waarnemende adjunkhoofde – en ekself.

*Leria Delport*






### TRANSORANJE PRESTEER

### Suid-Afrikaanse Gebaretaal

2023 se grootste nuus in die Dowe wêreld was natuurlik dat Suid-Afrikaanse Gebaretaal as die 12de amptelike taal verklaar is. Transoranje-Skool was in die bevoorregte posisie om een van die drie skole te wees wat die amptelike ondertekening van die wetgewing kon observeer.







## Kultuur

Vir die eerste keer in baie jare het die skool deelgeneem aan die Eisteddfod. Ons was werklik verras oor hoe goed ons leerders gevaar het. Transoranje het deelgeneem in die volgende afdelings en goed presteer: individuele kuns, fotografie, mimiek en Tik-Tok-video.



## Sport

We introduced table tennis, gymnastics and cross country as new sports codes. Seven learners were selected for the Athletics 2023 Championships held in Germiston. We are very excited that three learners, Ronnie Shabalala, Thapelo Nonyana and Mbali Mhlanga, have been selected to represent South Africa in Japan in 2025.

During winter, netball and soccer were practised at the school. In March 2023, 13 of our learners were selected by the Deaf Gauteng Sports Federation to participate in the National Deaf Development Games that took place in Pretoria during the March school holidays.



## Finansies

Stygende leerdergetalle het meegebring dat vyf nuwe poste op posvlak 1 tot die skool se diensstaat toegevoeg is. Ons is baie dankbaar daaroor omdat die skool se salarisrekening vir aanstellings deur die skoolbeheerliggaam die skool dreineer van finansies wat ons in werklikheid nie het nie. Daarmee saam is ook vyf poste by ons algemene werkerskorps gevoeg.

'n Groot getal behoeftige leerders word ook so ver moontlik deur die skool gehelp en donasies en skenkings vanaf TOIBO hiervoor word baie waardeer.







## Opgradering van die skool

Die skool is in 2011 deur die Departement geïdentifiseer as een van die skole wat herstelwerk en opgradering benodig. Hierdie proses is in 2015 begin, maar na skaars ses maande is die projek gestaak. Die projek is eers weer in 2018 voortgesit met 'n nuwe kontrakteur. Na sewe jaar staan die projek nou einde se kant toe. Ons is dankbaar vir die opgradering, maar ongelukkig het dit ons tuine en sportvelde in 'n totale chaos gelaat. Tydens die Oktobervakansie het die administratiewe personeel self ingespring en begin tuin maak.

## Personalia

Transoranje School had to bid farewell to four staff members who were part of the Transoranje family for many years.



Mrs Heleen

**Mrs Heleen Roestorff** has been with the school for the past 40 years. Her love and passion for and knowledge of the Deaf learners served as an example to all the staff at Transoranje.

She has been a part of Transoranje's journey from the oral to the SASL approach, from Afrikaans to English, all the while never losing faith in the ability of the Deaf child.




Mrs Marlize

**Mrs Marlize Burger** has not only been a staff member at Transoranje School for the past 25 years, but also a parent. Mrs Burger started at Transoranje as hostel mother and interpreter. She obtained her BEd degree in 2009 and has since been a valuable member of the teaching staff.

During her time at Transoranje her love and dedication for the Deaf have always been evident. Her dedication in the Food Production class ensured that many leaners now have the skill to be entrepreneurs. Countless times she offered up her Sundays to perform with the choir in churches and at other social events. She has always been a warrior for the rights and empowerment of not only the Deaf learners but also the greater Deaf community.





Mr Albert

**Mr Albert Janse van Rensburg** has been a member of Transoranje School from a very young age. He was a learner at Transoranje and matriculated in 2004.

He was one of the first Deaf class assistants to be appointed at Transoranje. His passion for fighting for the rights of Deaf people and his hard work have always been an example to all those working at Transoranje. He is indeed a role model for all the Deaf learners. Albert was part of the Sign Language Choir from a young age and as class assistant an excellent Mime coach.





Mr Wilson

It is with sadness that we announce that **Mr Wilson Kgakwa** passed away in December 2023. He was a general worker at Transoranje for almost 14 years and will be dearly missed.

## Ter afsluiting

2023 was 'n jaar gelaai met hoogtepunte en laagtepunte. Dit was 'n voorreg om ons hoogtepunte met julle te deel.

*Ons sien uit na 2024 vol nuwe uitdagings.*

# Sonitus

## Skool vir Gehoorgestremdes

GLO, LUISTER EN OORWIN

**Vlug SON2350** is op Aanloopbaan 1, gereed vir opstyg op reis na Desember 2023. Oor vyf dekades van bestaan het Sonitus 'n wesenlike bydrae gelewer in die ontwikkeling van kinders met spesiale onderrigbehoeftes.

Ons vertrek op 9 Januarie, vir 'n opwindende avontuur wat voor ons lê, met 12 verskillende oorstoppunte.

Januarie en Februarie bring **atletiekbyeenkomste** waarin Sonitus se atlete uitblink. By die interskolebyeenkoms in Februarie het Sonitus 162 atlete gehad wat deelgeneem het. Ons was ook die gasskool vir die byeenkoms se tien skole wat deelgeneem het. By die Prestige-byeenkoms wat in Boksburg plaasgevind het in Maart, het 84 atlete deelgeneem.

Ons sluit die eerste kwartaal af met 'n **"Colour Run"**, waar ons ook aan die kinders, op verskillende vlakke, die storie van Paasfees deel.








Op 10 April word ons gegroet met die viering van 'n **50ste verjaardag.** Daar is 'n spogete gehou vir vorige hoofde, adjunkhoofde, TOIBO-lede en ander persone wat oor 50 jaar deel was van Sonitus se bestaan.

April is ook die maand waarin ons ons prinse en prinsesse op die loopplank laat skitter.

**Mnr en Mej Sonitus** is 'n jaarlikse glansgeleentheid waar ons leerders in verskillende ouderdomsgroepe deelneem.





In Mei het ons ons eerste **Rolbaldag** aangebied. Wat begin het as 'n fondsinsameling, het geëindig as 'n spanbougeleentheid vir personeel en 'n paar private inskrywings wat Sonitus op hul beste leer ken het.

Dit sal die eerste van baie rolbaldae wees wat Sonitus in die toekoms sal aanbied by Munies se munisipale rolbalklub.

In Julie het me **Jana Duvenhage afgetree**, na jare se toewyding in die graad 10-12-fase. Ons wens haar 'n voorspoedige, welvarende nuwe hoofstuk in haar lewe toe.

In Augustus het ons deelgeneem aan die **kunswedstryd** waar leerders gedigte voorgedra en pragtige kunswerke ingedien het. Verskeie pronkstukke en vertonings het weggestap met A++ sertifikate en medaljes.

In September het ons reünie gehou en die oudskoliere het die kuier baie geniet. Dit was ook die maand vir Revue, en die twee aande was propvol opgewonde leerders, en ouers wat kom kyk het wat hul kinders op die verhoog tentoonstel. Die geleentheid was 'n pragtige, kleurryke weerspieëling van wat in 50 jaar op die musiekfront kan verander. Gesiggies het gestraal en heupe het geswaai op die doef-doef maat van musiek.

Begin Oktober was dit ons pragtige **skoolverlatersfunksie** waar die dogters gespog het met pragrokke, die seuns uitgevat is in blink pakke en die mooiste motors hulle afgelaai het vir die funksie. Van die leerders, wat kort daarna hul NSS-eksamen sou skryf, was reeds van vierjarige ouderdom by Sonitus.

Dit was ook in Oktober ons **koshuis se Kersete. Fondse** vir die funksie word bewillig deur 'n groep koshuispersoneel wat maandeliks by die POMK (Pretoria Ou Motorklub) verkope doen om die funksie moontlik te maak en ook vir elke kind 'n klein geskenk te koop. Dié jaar was dit 'n groot bederf met 'n ete by The Lion's Den, en lekker Kersgeskenke is deur Kersvader oorhandig. Wat maak dit die moeite werd? 'n Klein seuntjie wat sê hy het nog nooit uitgeëet nie... 'n Klein dogter wat opgewonde noem dat sy nog nooit 'n geskenk gekry het by Kersvader nie.

Aan die einde van Oktober hou ons ons jaarlikse **merietefunksies** waar elke leerder op die een of ander wyse erkenning kry vir hul harde werk in akademie, sport en kultuur. By die geleetheid is die Verteenwoordigende Leerlingraad vir 2024 ook aangekondig.

In November stap ons nader aan die einde van die jaar wanneer die graad 12's reeds begin het met hul finale eksamen. Ons het 'n donasie ontvang om tydens ons Kersdiens vir elke leerder 'n geskenk ter waarde van R100 te kan koop. 'n Geskenk, ongeag hoe klein of groot, bring 'n stralende glimlag op baie gesigte.

In Desember het ons **mnr Frans van Zyl** gegroet, na 23 jaar se harde werk, toewyding en entoesiasme in die houtwerk- en instandhoudingsklasse, op die atletiekveld en sagtebalbaan as afrigter, asook as koshuisvoog vir die seuns. Mnr Van Zyl sal nou die geleentheid kry om sy voetspore in die sand te laat en sy aftrede te geniet.

**Finansieel** is daar baie spanning by die skool weens ouers se swak en wanbetaling. In baie gevalle is dit die sosio-ekonomiese omstandighede wat ouers in moeilike finansiële posisies geplaas het. Water- en kragrekeninge het toenemend verhoog, asook die prys van voedsel en brandstof. Geen betaling van tydelike onderwysers deur die Gauteng Departement van Onderwys (GDO) veroorsaak addisionele spanning omdat skole nie aan die personeel betalings in die interim mag maak nie. Koshuise moet oop bly en die koste verhoog gereeld. Die klein subsidie van die GDO vir die koshuis is slegs vir vier maande 'n buffer.






Deur al die omwentelinge van die jaar se reistog, met twee bekwame "kapteins" aan die stuur, bly die personeel toegewyd, hardwerkend en positief vir elke nuwe uitdaging. Sonitus se hande bly na bo gerig, soos die beeld wat reeds 20 jaar in ons voortuin staan, waar personeel en ouers die kinders oplig die hoogtes in, om hul beste self te word.

Die klein genades wat daagliks oor Sonitus uitgesprei word, bring groot dankbaarheid dat ons die 2023-vlug suksesvol, vol sprankelende en kleurvolle herinneringe, kon voltooi. Dankie aan TOIBO en al ons medereisigers, wat saam met ons vlug SON2350 kon voltooi.

*"Kapteins" Adele Kemp en Ada Steyn*

(Die waarnemende hoofde maak steeds beurte om waar te neem terwyl die aanstelling van 'n prinsipaal afgewag word.)



# Transvalia

## Skool vir Epilepsie & Leergestremdhede

Transvalia-Skool is 'n skool vir leerders met leerprobleme en epilepsie. Dit is 'n skool wat vir leerders wat al moedeloos geraak het in die hoofstroomonderwys weer hoop gee.



### Leerders

Die skool bestaan uit 186 laerskoolleerders en 172 hoërskoolleerders. Some SID learners who are following the DCAPS curriculum started this year.



### Konsert

Vrydag 18 Augustus was dit tyd vir konsert by ons skool. Elke klas het volgens 'n tema aangetrek en het dan danspassies uitgevoer. Dit was groot pret vir die leerders.

### Staff

The staff at the school consists of 42 teachers, 11 therapists and eight administrative members, nine housemothers and seven class assistants for the SID learners.

The school also appointed a disciplinary head and a social worker.

Mrs Johanda Kekana was appointed as the deputy principal of the Primary School and the SID Department.

Tydens die jaarlikse prysuitdelingsfunksie is afskeid geneem van mev Wilna Ackermann wat na 11 jaar as hoofarbeidsterapeut by Transvalia met pensioen gegaan het.

### Lentedag

Lentedag is gevier op 1 September. Resies met kruiwaens is tussen die klasse gehou. 'n Ouer en ander borge het na hierdie resies gesorg dat Transvalia-Skool voorsien is van regte, egte kaskarre. Ons is baie dankbaar en sien uit na die resies in 2024.





## Boarding and afterschool facilities

The school also has hostels for learners from far and for learners with transport difficulties. During 2023 there were 32 learners in the hostels. The school also offers an aftercare service as some learners are not able to attend the school without this facility.

## Feeding scheme

More than 20 families benefit from the feeding scheme at the school, and 30 learners receive food parcels and fresh fruit daily. We ask for outside donations and are grateful for donations received from parents, TOIBO, Checkers the Grove, Solidarity and Pretoria Lions Club. TOIBO also sponsors Project Sunshine, which covers many needs of underprivileged learners.

## Sport and culture

We try to involve as many learners as possible in sports and culture to develop their versatility. Prosperita, our prestige club, consists of 35 high school learners from Grade 9 to Grade 12 who apply for membership and are selected.

Eight educators form part of the group. They had excursions such as laser tag, clay café, paint ball, etcetera.

On Thursday 23 February, at the interschools meeting, Transvalia School finished second with 93 medals. At the Prestige meeting we finished with 49 medals.

Keenen Iwegbu was selected for the provincial rugby team.

Op 24 Augustus moes Transvalia-Skool die LSOB-sokkertoernooi aanbied. In 2024 is dit weer Transvalia se beurt om dit aan te bied.



## Matriekafskeid

Op 29 September is 'n spoggerige matriekafskeid gehou by Candlewoods Boutique. Al die graad 12-leerders het ontpop in pragtige volwasse swane.

## Computer room

A computer room, sponsored by MTN, is in progress, exclusively for Grade 1 to Grade 7 learners, for the improvement of their reading and comprehension abilities.

## Prestasies

Die jaarlikse prysuitdelings van die onderskeie afdelings het op 6 Desember plaasgevind.

Tydens hierdie geleentheid is Hendrik Ekkerd aangewys as die Sterleerder van die Grondslagfase.



*Hendrik Ekkerd*



*Lisa Visagie*

Valie van die Jaar van graad 4 tot graad 7 is Lisa Visagie. Afrika Mbono het die Diamond Trophy DCAPS ontvang.

Die Valorem-toekenning is gemaak aan Henry Kleynhans in graad 12, en Henry Rossouw het die Kristal-toekenning ontvang.

Die TOIBO-toekenning is deur die voorsitter van TOIBO, ds Francois Esterhuizen, oorhandig aan Wynand Hattingh vir veelsydigheid. Miguel Texeira het die eretoekenning ontvang vir die leerder wat ten spyte van omstandighede wat nie altyd maklik was nie, sy bes gedoen het en nooit opgegee het nie.



Henry Kleynhans



Henry Rossouw



Asante Nkalanga & Ancore Heyneke

Tydens hierdie geleentheid is die nuwe leerderraad vir 2024 ingehuldig. Ancore Heyneke is as die hoofleier aangewys en Asante Nkalanga as die onderhoofleier.

## Ter afsluiting

Transvalia-Skool sal 2024 weer met geloof en hoop aanpak, omdat ons weet waar ons hulp vandaan kom.

*Mev Linda van der Merwe* – Prinsipaal





# Special Campaigns

## Back to School

**Target months:**
January & February.

**Goal:**
With the opening of the schools at the beginning of the year, extremely poor learners always experience an urgent need for school clothes, school shoes, school bags and basic stationery. It is important that we assist these learners as quickly as possible. Cash and in-kind donations are welcome. EFT reference: Your name + BTS.

**Average needs:**
110 learners need school bags.
170 learners need basic stationery.
140 learners need school clothes.
160 learners need school shoes.



## Winter Heart of Hope

**Target months:**
April & May.

**Goal:**
During the cold winter days we need to make sure that our underprivileged learners are warm and healthy. Approximately 839 children receive assistance in one way or another, which includes winter and other school clothes/shoes, scarves, gloves, beanies and blankets. Cash and in-kind donations are welcome. EFT reference: Your name + WH.



**Average needs:**
Warm clothing such as drimac jackets, jerseys, track suits and warm socks.

Shoes such as tackies and school shoes.

Scarves, beanies and gloves.

Blankets (fleece knee blankets and larger single bed blankets).

## Casual Day

**Target months:**
July, August, ending 6 September.

**Goal:**
The Institute participates in the Casual Day campaign for persons with disabilities. We are allowed to keep 45% of each sticker's income for us. You can support us by ordering the stickers for your office, school, church, family and friends from the Institute. Casual Day celebrates their 30th year on 6 September 2024 with the theme: I SEE YOU. Place your order at info@toibo.org.za now!

**Average needs:**
One sticker's R20 donation can assist us with needs such as the following:

A meal for a hungry child.

Sanitary ware for a teenage girl.

Batteries for a Deaf child's hearing aid.

And many more.

## Christmas Holiday Food Parcel

**Target months:**
October & November.

**Goal:**
While most of us enjoy a delicious Christmas meal, many underprivileged children will not be enjoying such a feast. Almost 500 of our needy children in the schools associated with TOIBO depend on grocery packages that the schools will send home with them to provide for the long December holidays. Packages are sent home for the holidays after the exams at the end of November.

**Average needs:**
Cash donations before 10 November.
EFT reference: Your name + CFP.
In-kind donations of non-perishable food before 10 November.
List of items needed available at info@toibo.org.za.



For more information about these campaigns, please contact TOIBO at info@toibo.org.za or 076 143 6961.
Transoranje Institute: ABSA, cheque account 020 840 145, branch code 632005.

# Financial Statements



## Statement of comprehensive income
## *FOR THE YEAR ENDED 31 DECEMBER 2023*

| | 2023<br>R | 2022<br>R |
|---|---|---|
| ***TOTAL INCOME*** | ***1 669 726*** | ***1 632 955*** |
| **Contributions by churches** | **538 106** | **582 999** |
| • Dutch Reformed Church (NGK) | 128 432 | 76 287 |
| • Netherdutch Reformed Church of Africa (NHKA) | 155 584 | 153 969 |
| • Reformed Churches in South Africa (GKSA) | 254 090 | 352 743 |
| **Donations received** | **848 451** | **915 550** |
| • Bequests | 81 215 | - |
| • Private donors | 76 072 | 110 215 |
| • Private donors (Section 18A) | 691 164 | 805 335 |
| **Institute projects** | **64 474** | **984** |
| Income generated via Casual Day | 21 614 | 984 |
| SANRAL | 42 860 | - |
| Interest received | 218 695 | 133 421 |
| ***LESS: DONATIONS TO THE SCHOOLS*** | ***916 807*** | ***915 660*** |
| Martie du Plessis High School | 240 482 | 238 212 |
| Prinshof School | 204 809 | 195 616 |
| Sonitus School | 178 337 | 177 112 |
| Transoranje School | 155 450 | 171 248 |
| Transvalia School | 137 729 | 133 472 |
| ***LESS: GENERAL EXPENSES*** | ***744 385*** | ***544 513*** |
| Expenses of the Institute, incl marketing cost | 744 385 | 544 513 |
| ***NET INCOME / (LOSS) FOR THE YEAR BEFORE TAXATION*** | | |
| Less Income Tax | 8 534 | 172 782 |
| ***NET INCOME / (LOSS) FOR THE YEAR AFTER TAXATION*** | | |
| Transferred to retained income | 8 534 | 172 782 |
| ***SUPPORTING PROJECTS: ADDITIONAL FUNDS ALLOCATED TO THE SCHOOLS*** | ***31 000*** | ***113 030*** |
| Projects Dignity, Full Tummy, School Shoes, Warm Body | 31 000 | 80 465 |
| Project Stormy Weather | - | 32 565 |
| ***TOTAL DONATIONS TO THE 5 SCHOOLS*** | ***947 807*** | ***1 028 690*** |

# Financial Statements



## General expenses
## *FOR THE YEAR ENDED 31 DECEMBER 2023*

| | 2023<br>R | 2022<br>R |
|---|---|---|
| ***Management expenses*** | ***164 602*** | ***39 401*** |
| Executive Committee meetings | 6 295 | 7 000 |
| Facilitator | - | 3 000 |
| Legal fees | 136 068 | 20 387 |
| Travel and accommodation cost | 22 239 | 9 014 |
| Office administration | 55 823 | 68 866 |
| Bank charges | 4 536 | 4 683 |
| Insurance | 4 003 | 3 930 |
| Postage, telephone and internet | 23 272 | 26 213 |
| Repairs and maintenance | 50 | 70 |
| Souvenirs, gifts and catering | 5 808 | 14 538 |
| Casual labour | 900 | 900 |
| Compensation Commissioner | 1 443 | 1 342 |
| Salary | 315 219 | 341 487 |
| Retirement package | 121 741 | - |
| Unemployment Insurance Fund | 2 125 | 2 125 |
| ***Auditor's remuneration*** | ***26 680*** | ***25 300*** |
| BEE | 690 | 575 |
| Services for audit | 23 000 | 22 080 |
| Translation of statements | 920 | 805 |
| Tax forms | 2 070 | 1 840 |
| ***Marketing cost*** | ***14 731*** | ***13 599*** |
| Communication / consultation | 13 000 | 13 000 |
| Recruitment and aftercare of new donors | 1 223 | 599 |
| Website | 508 | - |
| Depreciation | 3 452 | 2059 |
| ***TOTAL EXPENSES*** | ***744 385*** | ***544 513*** |

# THANK YOU & Blessings

It is with great gratitude that we acknowledge and thank the following individuals, businesses, trusts and foundations, TOIBO friends and partners. You all contributed to TOIBO's very successful year and helped us to leave footprints of kindness in the lives of our children with disabilities.

## Trusts & Foundations

Christiaan Schoeman Trustfonds
Fuchs Foundation
John & Nafsika Trust
Solomon, Ruben & Ann Winer Trust

## Businesses

Grafotech Supplies (Cape) (Pty) Ltd
Levubu Vulstasie
Sunrise Electronics
STD711 Edms Bpk
PJ Landsberg Verf en Boukontrakteur BK

## Individue

Donateurs met maandelikse aftrekorders

Private donateurs met eenmalige donasies

Individue met donasies deur Koopkrag & Pretorium Trust

## Our thanks to everyone who contributed to the successful publication of this annual report.

| | |
|---|---|
| Compiled by: | Alta Koekemoer |
| Language editing: | Tessa Oppermann |
| Graphic design: | Alicia Otto |
| Printing: | Armand van Tonder – Alltrade Business Forms |

# Spesiale dank aan die volgende:

- Elkeen wat die Instituut op die een of ander manier ondersteun het en ons toegelaat het om daardeur op die een of ander manier 'n verskil in ons skole en spesiale kinders se lewens te maak.
- Ons stigterslede en hul gemeentes vir die volgehoue finansiële ondersteuning deur die jare.
- Die sustersverenigings vir skenkings van toiletware, skryfbehoeftes, klerasie en nie-bederfbare voedsel.
- Die sinodes, gemeentes, Plesion NPC en die Adminburo GKSA vir die uitstuur van die maandelikse nuusbrief aan die gemeentes.
- Die gemeentes wat die Instituut by hul projekte betrek vir fondsinsamelings, ons nooi vir uitstallings, praatjies en optredes, en spesiale kollektes vir die Instituut oormerk.
- Die bestuur van Koopkrag en Pretorium Trust wat ons goedgesind is en toelaat dat hul lede deur hul rekeninge donasies kan maak aan die Instituut.
- Die bestuur en personeel van Webcafe vir ondersteuning met die opgradering van ons tegnologie en vir die instandhouding daarvan.
- Mev Tessa Oppermann vir die taalversorging van die Instituut se dokumentasie en Jaarverslag.
- MVB Audit and Advisory wat ons reeds sedert die ontstaan van die Instituut ondersteun met advies, en die finansiële state behartig.
- Die Gereformeerde Kerk Pretoria-Brooklyn wat gratis kantoorruimte aan die Instituut verskaf.
- Die verteenwoordigers van die GKSA, NHKA en NGK, asook die Uitvoerende Komitee wat die Instituut bystaan en ondersteun.
- Die vyf Instituut-skole en hul personeel vir hul harde werk en toewyding om ons kinders met gestremdhede die beste onderrig en opleiding te gee.
- Ons dank ons Hemelse Vader vir sy beskerming en ryklike voorsiening.






Anchored in Faith

**Transoranje Institute for Special Education**
**Tel: 076 143 6961**
**Email: info@toibo.org.za**
**174 Duxbury Road, Hillcrest, Pretoria**
**Website: www.toibo.org.za**